SAAKNOMMER: CC123/93

| BESKRYWING | Appèl Bladsynr |
|---|---|

## VOLUME 25

**GETUIENIS VIR BESKULDIGDES 2 TOT 52**


**QAMBELENI BUTHELEZI (Beskuldigde 2)**
Ondervraging deur mnr Botha . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2849 - 2851
Kruisondervraging deur mnr Strydom . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2851 - 2852
Kruisondervraging deur me De Jager . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2852 - 2880
Vrae deur die hof . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2880 - 2883

Herhaling van aansoek om getuies te roep alvorens beskuldigdes se getuienis voltooi is . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2883 - 2889

**BESENIA NTULI**
Ondervraging deur mnr Botha . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2889 - 2892
Kruisondervraging deur mnr Strydom . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2892 - 2893
Kruisondervraging deur me De Jager . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2893 - 2918
Herondervraging deur mnr Botha . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2918 - 2919

**BHEKINKOSI MBHEKISENI MKHIZE (Beskuldigde 9)**
Ondervraging deur mnr Botha . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2920 - 2925
Kruisondervraging deur mnr Van Eck . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2925 - 2926
Kruisondervraging deur me De Jager . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2926 - 2956
Vrae deur die hof . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2956 - 2957

Bespreking . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2957 - 2959

**VELAPHI ELPHAS NKOSI (Beskuldigde 12)**
Ondervraging deur mnr Swart . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2959 - 2961
Kruisondervraging deur mnr Van der Merwe . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . 2961 - 2965

MNR BOTHA: Soos u edele behaag. U edele, mag ek onder die omstandighede aansoek doen vir 'n kort verdaging van ongeveer 'n halfuur? (Laaste vier woorde baie sag).

HOF: Die hof sal verdaag vir vyf minute.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT**

**QAMBELENI BUTHELEZI, v.o.e. (deur Tolk)**

ONDERVRAGING DEUR MNR BOTHA: Mnr Buthelezi, hoe oud is u? -- Ek is tans 30 jaar oud.

TOLK: Verskoning die beskuldigde fluister iets. -- Tussen 30 en 40 jaar oud. 39 Jaar oud.

Applicant 1

MNR BOTHA: Is dit reg dat u oorspronklik kom van Tugela-Ferry in Natal? -- Ja.

Is u getroud? -- Ja.

Het u kinders? -- Sewe kinders.

Het u ooit skoolgegaan? -- Nee.

Wanneer het u vanaf Natal getrek na die Transvaal? -- In 1975.

Wat was die rede hoekom u Transvaal toe getrek het? -- Ek het werk kom soek.

Is dit so dat u werk gekry het by Escom vanaf 1975? -- Ja.

En hoe lank het u daar gewerk? -- 6½ Jaar.

En wat het u daarna gedoen? -- Daarna het ek nog werk gaan soek.

Waar het u gebly terwyl u in die Transvaal gebly het? -- By Hostel Sebokeng.

Het u, toe u nou weer werk gesoek het, werk gekry? -- Ek het tydelike werk gekry.

Is dit so dat in 1985 u ook 'n werk gekry het by Sebokeng by 'n skool? -- Ja.

En dat u daar gewerk het tot 1989? -- Ja.

Nou/...

rationality as being linked to the phenomenon of systematic, explicit reasoning whether this reasoning is in terms of context dependent criteria or general is not the issue, the issue is not one of either/ or but rather as well as, both general and context dependent criteria are required. If Horton succeeds then in establishing general criteria of rationality he further has to establish a nexus between context dependent rationality and general rationality. Briefly this is achieved by explicating native beliefs against general criteria as native beliefs in a fundamental sense have no existence entirely separate from universal criteria. They derive from and owe their existence to universal beliefs an example would be - the social reality of truth has a logical connection with verification, as criteria of truth derive from verification.

Furthermore: Are beliefs causally determined and are social determinants of beliefs consequential upon truth and validity and can they thereby be shown to be socially variable?

The whole notion that beliefs are socially determined does not constitute sufficient evidence that their truth or validity are relative as Lukes holds in terms of his framework that diversity in itself does not preclude invariable criteria.

Subjective and objective

Bhekinkosi Mkhize Vol 25 2920 - 2957

(Induna)

V 25

1) Police involvement

2) Army "

3) Iscor "

4) Alibi "

5) Names of others involved

2923 (1)

2932 (4)

2934 (8)

2949 (1)

2950. (1)

2951 (4)

2953 (1)

If an account implies that the relevant standards are those that would be approved of by most members of my community or those that are presupposed by the intellectual practices of my community this account is subjective with a social rather than individual caste to it. If an account of epistemic rationality implies that by being rational individuals are assured of being reliable then the account is not subjective. Reliabilist accounts of rational belief are paradigmatically objective.

Reliablist account - The view that a belief acquires favourable epistemic status by having some kind of reliable linkage to the truth. Variations of this view have been advanced for both knowledge and justified belief. The 1st formulation Ramsey who said that a belief is knowledge if it is true certain and obtained by a reliable process. Armstrong drew and analogy between a thermometer that reliably indicates the temperature and a belief that reliably indicates the truth. Armstrong said that a non inferential belief qualifies as knowledge if the belief has properties that are nomically sufficient for its truth. ie guarantee its truth via laws of nature. Closely allied to the nomic sufficiency account is the counterfactual or subjunctive account of knowledge. The core of this approach is that s's belief that p qualifies as knowledge just in case s believes p because of reasons that would not obtain unless p were true, or because of a process or method that would not yield belief in p if p were not true. eg s would not have his current reasons for believing there is a telephone before him, or would not come to believe this in the way he does, unless there *were* a telephone before him. Thus, there is a counterfactually reliable guarantor of the belief's being true. A variant of the counterfactual approach says that s knows that p only if there is not relevant

Sonny M Kwanazi (Lucky) Sti Kenyawo) 3497-3514 Vol 30

1) Police involvement
2) Army "
3) Iscor "
4) Alibi
5) Names of others involved

3497 (4) TIZA friend he stayed with in dorp
just an aside 3499 (He is a rapist

3506 (5) Possibly

3510 (4)

3512 (3)

alternative situation in which p is false but s would still believe that p see relevant alternatives Reliablism is standardly classified as an externalist theory because it invokes some truth linked factor and truth is external to the believer. Virtually all theories of knowledge of course share an externalist component in requiring truth as a condition for knowing. Reliabilism goes further, however, in trying to capture additional conditions for knowledge by means of a nomic, counterfactual or other such external relation between belief and truth pg433 dancy also for justification

One consideration in favour of subjectivism is that many of our judgements of rationality cannot be plausible understood in an objective manner. eg when assessing the beliefs of individuals from a different culture far remove from us in both time and culture it often seems appropriate to do so in terms of their own standards or at least in terms of some standard that is relative to their community etc. Subjective accounts of epistemic rationality are often considered non starters.

Many epistemologists are involved with the explication of knowledge and they have assumed the knowledge is something like rational true belief.
Thus they have thought that whatever else we may want to say about rational belief it had better be the sort of thing that turns true belief into a good candidate for knowledge.

If rational belief where to be construed subjectively this need not be the case.

JACK Mbele 'Dondo Vol 29 3382–3397

1) Police involvement

2) Army "

3) ISCOR "

4) Alibi

5) Names of others involved

3384 (5) Names

3385 (4) Four of them played monopoly

3388 (4) Was in the hostel most of day & all night

3392 (4) Shot in leg

3396 (4) Sold drink all day & into night

Nou u het op 17 Junie 1992, het u in die KwaMadala Hostel gewoon, is dit reg? -- Ja.

Hoe het dit gekom dat u daar gaan bly het? -- Daar was 'n twis gewees by 'n hostel en daarna is ons uitgejaag en ons het nie meer blyplek gehad nie.

By watter hostel was die twis gewees? -- By Sebokeng.

Wat was die aard van die twis? -- Dit was 'n twis tussen die ANC en die Inkatha.

Uself is 'n lid van Inkatha, is dit reg? -- Ja.

En wat u sê is u is toe verjaag uit die Sebokeng Hostel uit? -- Ja.

Is dit so dat u dus, laat ek vir u só vra, weet u van wanneer af u by die KwaMadala Hostel ingetrek het? -- Ek kan nie onthou wanneer was dit gewees nie, ek het net die datum vergeet.

Nou terwyl u in die - kom ek vra vir u so, was dit gedurende 1990 wat u in die KwaMadala Hostel ingetrek het? -- Dit was in 1990.

Terwyl u daar in die KwaMadala Hostel gewoon het, wat het u daar gedoen? -- Ek was besig om werk te soek.

Het u ook 'n besigheid gehad? -- Ja.

Wat was die aard van die besigheid? -- Ek het eetgoed verkoop soos tamaties en enigiets om te drink.

Nou u het die getuienis gehoor van mnr Bojosi en mnr Kgobi en Mnqithi wat sê dat u was die aand van 17 Junie 1992 was u betrokke by 'n vergadering in die hostel en u het saamgegaan na Boipatong? -- Ja ek het daardie getuienis gehoor.

Wat sê u van daardie getuienis? -- Ek dra geen kennis van 'n vergadering by die hostel nie.

Was u in Boipatong gewees daardie aand van 17 Junie 1992?

Nee/...

Nee, ek het geslaap.

Dankie u edele, dit is al.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR STRYDOM: Gedurende 17 Junie 1992, in watter kamer het u geslaap in KwaMadala Hostel, wat is die nommer van die kamer? -- Kamernommer 1.

Saam met wie het u in hierdie kamer gebly? -- Ek het saam met mnr Magagula, Douglas Nxumalo, Bonginkosi (Bhenkinkosi?) Gumede, wat saamgewoon het was ons altesaam vier gewees.

Was daar enige van die huidige beskuldigdes voor die hof wat op daardie stadium saam met u gebly het in die kamer, of nie? -- Ja.

Wie is dit? -- Mnr Mthembu, mnr Khanyile... (tussenbei)

Verwys u na mnr Mthembu, beskuldigde 68? -- Beskuldigde 73. Die persoon wat opgestaan het agter in die hof.

En u het verwys na mnr Khanyile, beskuldigde 58? -- Ja.

Nou het hulle ook in kamer 1 gebly, of het hulle naby u gebly, wat was die posisie? -- Voorheen het hulle in daardie kamer gebly en later het hulle toe verhuis na ander kamers toe.

Ja maar my vraag, op 17 Junie 1992, op daardie tydstip, het hulle ook in kamer 1 gebly, of nie? -- Nee, op daardie stadium was hulle reeds uit.

Kan u onthou op daardie betrokke aand hoe laat u min of meer gaan slaap het? -- Gewoonlik slaap ek om 8.30 (20:30) na kwart voor nege.

Het u op daardie betrokke aand 'n alarm gehoor... (tussenbei)

HOF: Net so 'n oomblik asseblief. Ek dink nie u het die vraag geantwoord nie. Daardie aand, hoe laat het u toe gaan slaap? -- As ek onthou was dit na agtuur.

MNR STRYDOM: Het u op die betrokke aand 'n alarm gehoor of 'n luidspreker/...

luidspreker wat 'n vergadering byeen geroep het op enige stadium? -- Nee ek het dit nie gehoor nie.

Het enigiemand vir u gedurende die loop van daardie dag of aand 'n AK 47-geweer gegee? -- Nee.

Dankie u edele, ek het nie verdere vrae nie.

ONDERVRAGING DEUR ME DE JAGER: Mnr Buthelezi, is u van Zoeloeafkoms, 'n Zoeloe? -- Ja.

Bly u vrou en kinders nog in Natal, gaan u van tyd tot tyd huis toe? Maar kom ons vra eers, of u vrou en kinders in Natal bly? -- Ja.

En keer u dan periodiek terug na u tuiste daar by Tugela-Ferry? -- Ja.

U het vir die hof vertel dat u aanvanklik by Sebokeng se hostel tuis was en dat u daar uitgejaag is. Kan u vir die hof verduidelik wat u bedoel met "uitgejaag"? Het die mense vir u gesê u moet loop, is u fisies uitgejaag, wat het gebeur? -- Ons was by 'n vergadering gewees in Sone 7. Toe ons teruggekom het vanaf die vergadering het ons by die hostel aangekom en ons is toe voorgekeer om nie die hostel binne te gaan nie, ons is toe aangeval en hulle het toe vir ons gesê dat ons moet weggaan.

As julle nou sê julle was by 'n vergadering, bedoel u julle was by 'n vergadering van Inkatha wat in Sone 7 gehou was? -- Ja, ons het gaan bid.

Verstaan ek reg, daar was 'n groep Inkatha-ondersteuners wat vanuit die hostel en dit is toe julle groep wat toe nou toegang tot die hostel verbied is op julle terugkoms van die vergadering af? -- Ja.

Wie het julle toegang daar verbied? -- Dit is die Xhosas, al die lede wat by die hostel was van die ANC.

Was/...

Was daar enige van die ander beskuldigdes wat voor die hof is wat met u betrokke was by die insident, wat ook daar verbied is met ander woorde? -- Ja.

Wie? -- Mnr Mthembu, Moses Mthembu, mnr Khanyile, mnr Mkhize, hy was ook by, mnr Sibiya... (tussenbei)

Die persone wat... -- ...dit is al persone wat ek nog kan onthou.

Is die persone waarna u verwys het 73? -- Ja.

Beskuldigde 58? -- Ja.

Beskuldigde 9? -- Ja.

En beskuldigde 51? -- Ja.

Nou u sê vir die of dat julle is die dag daar aangeval. Is julle fisies met wapens aangeval? -- Hulle het vir ons met wapens aangeval.

Kon julle daarna weer by die hostel, die Sebokeng Hostel, inkom? -- Nee.

Nou wat het julle gedoen, toe julle nou daar gejaag is? -- Ons het toe by 'n polisiestasie gaan slaap by Sebokeng, die naam is Wilcock.

Het julle daarna julle intrek by KwaMadala Hostel geneem? -- Van daar af is ons na die kantore van Inkatha te Vereeniging.

Right, hoe lank daarna het julle by KwaMadala Hostel ingetrek? -- Na 'n lang tyd het ons toe ingetrek by KwaMadala Hostel.

Is dit nou u en hierdie beskuldigdes wat u vroeër genoem het, beskuldigdes 73, 58, 9 en 51? -- Ja en nog 'n ander klomp.

Was daar reeds ander inwoners in KwaMadala Hostel op daardie stadium, of was julle die eerste mense om daar in te trek? -- Met ons aankoms daar was daar nog ander mense daar wat daar

reeds/...

reeds gewoon het wat by Yskor gewerk het.

Nou het u sommer net ingetrek of is daar iemand wat vir u 'n kamer toegewys het? -- Ja, daar is iemand.

Wie was dit? -- Mnr Mthembu.

Verwys u nou na mnr Mthembu, beskuldigde 73? -- Ja.

Wanneer, kan u vir die hof sê watter jaar u lid geword het van Inkatha? -- Ek het lid geword vanaf 1989.

U is die voorsitter van die jeugbeweging van Inkatha daar by KwaMadala Hostel, nè? -- Ja.

Wanneer het u die voorsitter van die jeugbeweging geword? -- Dit was in 1991.

En as voorsitter van die jeugbeweging, het u sitting op die komitee wat in beheer is van KwaMadala Hostel? -- Ja.

Sal u vir die hof vertel wie die lede is van die komitee wat in beheer is van die hostel? -- Mnr Mthembu... (tussenbei)

Is dit nou beskuldigde 73? -- Ja. Mnr Mkomani, mnr Mtwana Zulu... (tussenbei)

Is dit die persoon wat ook bekend staan as prins Fanana Zulu? -- Ja.

Ja? -- Dit is deel van die ander persone wat ek genoem het wat die lede is van die komitee.

Is daar nog ander lede van die komitee? -- Daar is ander lede van die komitee wat verskillende werk doen.

Vertel ons van hulle? -- By die komiteelede van Inkatha die voorsitter is mnr Khumalo, Richard Ndwando Khumalo...

TOLK: Verskoning u edele, mag ons net die getuie vra om bietjie harder te praat, ek vind dit moeilik om te volg wat hy nou sê?

HOF: Ja. Laat ek net by hom vasstel, die mense wat hy nou noem, is dit lede van die beheerkomitee van die hostel, of is

dit/...

dit lede van Inkatha wat hy van praat? -- Die lede wat ek nou net noem is die lede van Inkatha.

Ja, ek dink die vraag was, wie was die beheerkomitee van die hostel? -- Ek het genoem mnr Mthembu, mnr Khumalo, Mtwana, dit is die drie persone wat ek ken wat beheer het oor die hostel.

ME DE JAGER: Sê u die beheerkomitee bestaan slegs uit die drie lede wat u nou genoem het? -- Asook die polisie, die wagte by die hostel.

Hoeveel is daar van hulle? -- Mnr Ntuli, mnr Mkwanazi, mnr Shoisa (later uitgespreek as Thoisa), dit is net die drie.

Goed, wat die beheerkomitee betref, het u vir die hof nou vertel van die drie hekwagte, dan nog drie lede, waaronder mnr Mthembu. Is daar nog lede op die beheerkomitee? -- Nee.

U het op 'n vroeër vraag geantwoord dat u sitting het op die beheerkomitee. Is daar benewens u nog ander persone behalwe die wat u reeds genoem het wat sitting het op die komitee? -- By die beheerkomitee van KwaMadala Hostel?

Ja? -- Nee. Dit is al persone wat ek reeds genoem het wat ek ken.

U het wel sitting op die beheerkomitee? -- Wat beheer het oor KwaMadala Hostel?

Ja. -- Nee.

Maar meneer ek het vroeër aan u gestel dat u uit hoofde van u posisie as leier van die jeugbeweging, sitting het op die beheerkomitee en u het bevestigend geantwoord. -- Ja, ja dit is so.

Nou hoe praat u dan nou 'n ander storie? -- Daar is verskillende werk. Ek is die voorsitter van die jeug by KwaMadala Hostel, nie by die beheerkomitee nie.

Meneer/...

Meneer, u het vroeër gesê dat u as voorsitter van die jeugbeweging sitting het by die hoofkomitee wat beheer het oor KwaMadala. -- Ek het nie daardie vraag verstaan nie.

Hoekom - ek het 'n oomblik gelede aan u die stelling herhaal en u het toe ingestem dat u inderdaad so gesê het? -- Ek verduidelik dit só, by die beheerkomitee van KwaMadala Hostel is ek geensins betrokke nie. Al wat ek kan noem is dat ek is die voorsitter van die jeug by KwaMadala.

As voorsitter van die jeug, wat behels u funksies? -- Indien die jeug benodig word om sekere werk te doen, ek is belas om vir die jeug dit te gaan sê.

Wie gelas u om vir die jeug te sê watse werk is daar vir hulle? -- Dit is mnr Themba Khoza.

Is al die jeugdige inwoners van die KwaMadala Hostel verbonde aan die jeugbeweging waarvan u die voorsitter is? -- Ja.

Beskuldigde 9 beklee hy het enige posisie by die KwaMadala Hostel? -- Ek ken vir hom as 'n indoena wanneer die mense iewers heen moet gaan.

Wat bedoel u, "iewers heen moet gaan"? -- Indien daar 'n oproep is of wanneer mense moet gaan marsjeer.

Wat bedoel u 'n met 'n "oproep", 'n "oproep" om wat te doen? -- Bedoel u by 'n vergadering?

Nee u sê as daar 'n "oproep" is, maar 'n "oproep" om wat te doen? -- 'n Oproep soos die een wat gister gebeur het, kan ons stap na FNB of na 'n plek waarheen ons opgeroep is.

Sal beskuldigde 9 dan in sulke omstandighede dan die leiding neem by die groep wat dan nou die vergadering of wat ook al sy bywoon? -- Ja.

Beteken dit prakties dat as julle groep van die hostel nou byvoorbeeld na die FNB toe sou loop, of sê na 'n ander plek toe

sou/...

sou loop, beskuldigde 9 sou voor loop en hy sal die pas aangee en opdragte gee? -- Ja.

Is daar onder die beskuldigdes wat hier voor die hof is nog ander persone wat indoenas is? -- Nee, nie een van hulle nie.

Die hof het hier gehoor dat daar 'n groep in die KwaMadala Hostel is wat beskryf as die "mbotho", die grootmense. Is daar so 'n groep? -- "Mbotho" is wanneer 'n aantal mense bymekaar gebring is, dan word hulle as "mbotho" genoem.

Het die "mbotho", 'n leier in die KwaMadala Hostel? -- Die "mbotho"?

Ja? -- By Inkatha is daar 'n voorsitter van die "mbotho".

Wie is dit? -- Mnr Thembi Nkosi (Thembikosi?) Khumalo.

En buite Inkatha verband in die hostel? -- By die hostel is daar nie een 'n persoon wat nie 'n lid is van Inkatha nie, behalwe die mense wat die plek kom besoek en weer weggaan.

<u>HOF</u>: Is dit 'n geleë stadium om te verdaag?

<u>ME DE JAGER</u>: Inderdaad u edele.

<u>HOF</u>: Die hof sal verdaag vir 15 minute.

**<u>HOF VERDAAG</u> - <u>HOF HERVAT</u>**

**<u>QAMBELENI BUTHELEZI</u>, s.o.e. (deur Tolk)**

<u>KRUISONDERVRAGING DEUR ME DE JAGER</u> (VERV.): Mnr Buthelezi, u het in u getuienis voor die teeverdaging as voorbeeld verwys na die opmars gister, dit is die opmars deur derduisende Zoeloe-persone na die Uniegebou op 17 Januarie 1994, nè? -- Ja.

Miskien kan u vir my reghelp as ek verkeerd is. Ek het al gehoor mense sê die Zoeloe-volk glo aan dissipline en dat dit ook by die opmars gister sigbaar was. Is dit reg, is dit 'n regte stelling of nie? -- Dit is reg.

Beskou u uself as 'n tradisionele Zoeloe? -- Ja.

Hierdie/...

Hierdie lewe daar in KwaMadala Hostel, was daar ook gepoog om volgens die Zoeloe-tradisie en -waarde dissipline daar te handhaaf? -- Ja.

Wie of wat het toegesien dat daar gepoog word om dissipline in die KwaMadala Hostel te handhaaf? -- Die leiers van die inwoners, noem dit aan die inwoners dat hulle moet hulself goed beheer en dit is volgens die reëls.

Nou die leiers sal sekerlik wees die persone van die beheerkomitee? -- Ja.

Hoe was die leierskap in die hostel verder georganiseer? Was daar subkomitees, ander komitees, om leiding te neem? -- By die hostel is daar beheerbeamptes wat ek reeds genoem het oor die hostel en daar is ook beheerbeamptes van die Inkatha.

Het die beheerbeamptes van Inkatha ook dissipline volgens die tradisie gehandhaaf in die hostel? -- Ja.

U het in u getuienis vroeër genoem dat u as voorsitter van die jeug belas was daarmee om oor te dra aan die jeug, as daar werk was wat hulle moes doen. Watse tipe werk was dit? -- Dit is werk wat deur die Inkatha-lede gedoen moet word, soos wanneer hulle benodig word by 'n werkswinkel, moet ek dit aan hulle so oordra dat hulle soontoe moet gaan.

Hoe het u te werk gegaan om sulke boodskappe of take of inligting aan die jeug oor te dra? -- Ek nader eerste vir mnr Mthembu vir toestemming om 'n vergadering te hou en daarna die jeug word bymekaar geroep, dan kan ek die boodskap aan hulle oordra.

Kon u nie 'n vergadering belê sonder mnr Mthembu, beskuldigde 73, se toestemming nie? -- Ja.

U moes sy toestemming hê? -- Ja.

Hoe het u die jeug byeen geroep, op watter manier? -- Ek

vra/...

vra die luidspreker vanaf mnr Mthembu, dan roep ek die jeug.

Praat u nou deur die luidspreker of is dit een van die luidsprekers wat 'n sirene het wat afgaan? -- Ek praat deur die luidspreker. As dit nog in werkende orde is.

En as dit nie in werkende orde is nie? -- Daar is 'n sekere deel aan die luidspreker wat hierdie geluid maak, "whee-whee-whee, whee".

Nou as u nou die geluid maak, die sirene-geluid wat u nou vir die hof demonstreer het, weet die jeug dan hulle moet daarop reageer? -- Ek verduidelik dit ook mondelings dat ek benodig met die jeug.

Verduidelik u dit omdat al die inwoners uitkom as hulle die sirene hoor? -- Dit is net om onderskeid te maak dat die bejaardes of die ou mense word nie benodig nie, ek het net die jeug nodig.

Ek vra vir u of al die inwoners van die hostel in reaksie op die sirene na buite kom om te vergader? -- Ja hulle gaan uit.

Is dit bekend aan al die inwoners daar in die hostel? -- Ja.

Word die sirene geaktiveer wanneer daar 'n vergadering gehou word wat ook deur almal bygewoon moet word? -- Indien mnr Mthembu die inwoners nodig het, dan word die luidspreker uitgehaal en dit word geaktiveer om die mense bymekaar te roep.

Kan u vir die hof sê, u sê wanneer mnr Mthembu die inwoners nodig het. Gee vir die hof voorbeelde van omstandighede waaronder mnr Mthembu die inwoners sou nodig hê. Sou dit byvoorbeeld wees vir 'n vergadering? -- Dit is wanneer hy die inwoners bymekaar roep, want hy is die persoon wat beheer het oor die blyplekke en hy is ook 'n leiersfiguur daar by die

werk/...

werk, dit is om hulle bymekaar te bring en aan hulle te noem enigiets wat gedoen moet word.

Mnr Buthelezi, voor 17 Junie 1992, met ander woorde in die eerste ruk toe u in die hostel gebly het, die tyd van 1990 voor Junie 1992, het dit in daardie tyd ooit gebeur dat daar vrese of gerugte was dat julle hostel, KwaMadala Hostel, aangeval sou word? -- Ja daar was sulke gerugte gewees.

Het dit ook gebeur dat julle bymekaar geroep is omdat daar 'n aanval op die hostel gevrees is? -- Ja.

En is julle by daardie geleentheid ook deur middel van die sirene van die luidspreker byeen geroep? -- Ja.

So sal dit korrek wees as ek aflei dat dit, die sirene 'n teken vir elke inwoner van die hostel was dat daar iets baie belangrik aan die gebeur is, selfs moontlik 'n aanval? -- Ja.

Nou uself het by geleentheid die sirene gebruik om die jeug bymekaar te roep, nè? -- Ja.

Hoe het u te werk gegaan om seker te maak dat elke lid van die jeug in daardie hostel weet hulle moet nou bymekaar kom? -- Soos ek alreeds genoem het dat ek die luidspreker sal noem en ek sal in die rondte beweeg deur die hostel om die jeug te laat weet dat daar is 'n vergadering en ekself sal seker wees deur te sien dat hulle almal bymekaar gekom het.

As u nou so in die rondte beweeg het met die sirene, was daardie sirene dan in elke kamer van die hostel hoorbaar? -- Ja.

U het vroeër vir die hof genoem dat u, wanneer u die jeug bymekaar wou roep, dan het u die luidspreker by mnr Mthembu gaan haal, onthou u? -- Ja.

So het mnr Mthembu die luidspreker in sy bewaring gehou, dit het nie daar rondgelê waar elke ou dit kon kry en daarmee kon/...

kon, dit kon aktiveer nie? -- Ja, dit word in 'n kantoor gebêre.

Nou u het gesê, as u nou die jeug bymekaar roep, of u kon, u het wyses gehad om te verseker dat almal daar is. Het u vereis dat al die jeug-lede die vergaderings wat u hou moes bywoon? -- Ja.

Beskuldigde 68, mnr Victor Mthembu, het hy enige posisie van leierskap, hetsy van Inkatha of andersins, in die hostel beklee? -- Mnr Mthembu is die "vice chairman" by die jeug.

Meneer, die hof het hier gehoor van komitees wat 'n mindere rol gespeel het, of kan ek sê onderdanig was aan die hoofkomitee, maar wat in beheer was van onderskeie groepe van die inwoners van KwaMadala Hostel, soos byvoorbeeld die persone wat uit Sebokeng afkomstig was. Is dit so? -- Ek vra u om die vraag te herhaal, ek het dit nie verstaan nie?

Goed. Die hof het hier getuienis aangehoor dat daar wel 'n beheerkomitee was in die hostel, maar dat daar ook komitees verkies was wat in beheer was van groepe inwoners wat uit bepaalde woonbuurte afkomstig was? -- Die enigste persoon wat beheer het by die kampong oor blyplek is mnr Mthembu en hy is die enigste persoon wat goeie kennis het daaroor.

Weet u enigsins of daar 'n verkiesing gehou is onder die inwoners van KwaMadala Hostel vir sekere verteenwoordigers om na hulle belange om te sien? -- Nee, al wat ek weet, daar is lede wat gekies is volgens die reëls van Inkatha.

O, is daar leiers verkies in die Inkatha-struktuur vir spesifieke woonbuurtes of persone afkomstig van spesifieke woonbuurtes, byvoorbeeld Sebokeng, Sharpeville? -- Volgens die reëls van Inkatha, as daar mense intrek by die hostel om daar te kom woon, daar is lede van die komitee, dit is ook lede van

Inkatha/...

Inkatha wat 'n beheer uitoefen oor hulle, oor hulle blyplekke.

Goed mnr Buthelezi, u het nou vir die hof vertel dat u nou vergaderings van die jeug belê het. Vergaderings vir al die inwoners van die hostel, wie het dit belê, gereeld? -- Ek het vroeër genoem dat daar is verskillende werk daar by die hostel, daar is 'n voorsitter vir die Inkatha en ek het ook genoem dat mnr Mthembu is ook 'n beheerbeampte en hy het ook lede van sy komitee... (tussenbei)

Kom ek, kom ek - kom ek vra vir u só, indien die voorsitter van die hele Inkatha-groep daar by die hostel 'n vergadering wou hou, moes hy ook by mnr Mthembu toestemming kry? -- Ja.

Ek wil hê u moet net vir die hof 'n bietjie meer inligting gee oor beskuldigde 9 se posisie in KwaMadala. U het nou vir die hof gesê dat beskuldigde 9 was 'n indoena, kon beskuldigde 9 'n vergadering belê het? -- Nee.

Het beskuldigde 9 as gevolg van sy posisie wel van tyd tot tyd as spreker by vergaderings wat belê was opgetree? -- Al waar beskuldigde 9 betrokke was, is om 'n woord te aanvaar wat deur die Inkatha gesê is waar en wanneer moet die mense gaan.

Laat ek nou net seker maak dat ek u reg verstaan. Sal u nou sê Inkatha sal besluit byvoorbeeld, ons gaan môre Pretoria toe en dit sal dan aan beskuldigde 9 gesê word? -- Dit gaan oorgedra word aan die voorsitter van die Inkatha wat dit aan hierdie persoon, verwysende na beskuldigde 1, sal oordra.

Verwysende na nommer?

TOLK: Verskoning beskuldigde 9.

ME DE JAGER: Goed. As beskuldigde 9 nou so 'n berig kry van sê nou maar, môre gaan ons Pretoria toe, wat is dan sy funksie, sal hy dit oordra aan die inwoners of nie? -- Die funksies van

beskuldigde 9/...

beskuldigde 9 sal dan wees, nadat die voorsitter die mense bymekaar geroep het, sal beskuldigde 9 al die "mbotho's" neem na die plek waarheen hulle moet gaan.

Ek wil nou eers vir u vra, met die uittog by die Sebokeng Hostel, hoe het u en die persone wat daar saam met u uitgejaag is, hoe het julle gevoel oor die feit dat julle daar verjaag is? -- Ons was ongelukkig gewees, want ons klere en goed het verlore geraak.

Het enige van julle beserings opgedoen in die proses toe julle daar weggejaag is? -- Ja.

Het julle - julle het seker kwaad en bitter gevoel jeens die ANC-mense wat julle daar weggejaag het? -- Ja, ons het kwaad gevoel.

In die tyd voor 17 Junie 1992, toe julle nou by KwaMadala Hostel gebly het, was daar nog van julle Inkatha-mense, of inwoners van KwaMadala Hostel wat aangeval is deur die ANC? -- Wat binne-in die hostel aangeval is?

Nee, nee, persone wat in die hostel gebly het wat deur lede van die ANC aangeval is? -- Buite die hostel, dit was my vraag?

Ja. -- Waar die aanvalle geloods is?

Ja? -- As ek reg onthou, daar is mense wat aangeval is by Vereeniging deur die ANC.

Ken u die mense wat aangeval is? -- Van hulle ken ek, die ander het ek vergeet.

Is daar in die periode voor 17 Junie 1992 van die inwoners van KwaMadala Hostel gedood deur lede van die ANC? -- Ek kan nie onthou of daar lede is wat gedood is, al dan nie.

Mnr Buthelezi, julle Inkatha-lede wat daar weggejaag is by Sebokeng, wat ek probeer vasstel, toe julle nou daar weg is

en/...

en julle het by die ander hostel ingetrek, het daar nou vrede tussen julle en die ANC gekom, of nie? -- Daar was nie meer vrede gewees nie, want wanneer die ander lede die ander groep teëgekom het, het hulle mekaar gejaag.

U het vroeër vir die hof gesê dat daar was voor 17 Junie 1992 gerugte van aanvalle daar op die hostel, wie sou julle daar wou aanval? -- Die gerugte het ons op hierdie wyse gekry. Die ANC het bekend gemaak dat hulle al die hostel-geboue wil afbreek en hulle het gedreig dat al die hostels gaan afgebreek word, hulle wil nie meer mense hê wat daar in die hostels woon nie.

Die hof het ook gehoor dat daar mense uit die woonbuurtes na KwaMadala Hostel gevlug het, mense wat nie Zoeloes was nie, is dit reg? -- Ja.

Nou mnr Buthelezi, in die tyd voor 17 Junie 1992, kon u as 'n Inkatha-lid in die woonbuurt Boipatong gaan stap en sou u veilig wees? -- Ek kon Boipatong ingestap het omrede dat hulle, die inwoners, my nie geken het nie en ek het my huurmotors na die dorp vanaf die lokasie gaan haal.

En die persone wat nou bekende Inkatha-lede was, sou hulle ongesteurd daar kon loop? -- Hulle sou nie binnegegaan het nie.

Hoekom kon hulle nie Boipatong ingaan nie? -- Die ANC wil nie die Inkatha-mense hê nie.

Was die hele Boipatong bekend as ANC-gebied? -- Daar binne-in die woonbuurt was daar lede van die Inkatha en die inwoners het nie daarvan geweet nie, maar sou hulle daarvan geweet het, sou daardie persoon aan die brand gesteek gewees het.

Is dit so omdat die meerderheid van die inwoners van Boipatong ANC-ondersteuners was? -- Ja, al weet ek nie die

hoeveelheid/...

hoeveelheid van hulle nie.

Was daar inderdaad van die Inkatha-lede in Boipatong wat verbrand is? -- Ja.

Het u van die mense geken? -- Ja, van hulle het ek geken.

Die hof het hier gehoor van 'n David Mbhele, het u hom geken? -- Nee.

Mnr Buthelezi, sal ek reg wees as ek aflei dat die inwoners van KwaMadala Hostel as gevolg van die agtergrond, die geskiedenis, bitterheid en haat gevoel het teenoor die ANC? -- Ek verstaan u nie goed nie?

Hoe het die mense van KwaMadala Hostel gevoel teenoor die ANC, was hulle vir hulle kwaad as gevolg van die agtergrond? -- Ek sal nie namens almal vanaf die hostel kan praat nie, maar wat volgens my gebeur het, hoe ek deur die ANC weggejaag is vanaf die hostel, sal ek vir u sê dat ek bitter is teenoor die ANC.

Die persone by die hostel wat u as polisiemanne beskryf het, mnr Twesa (Thoisa/Shoisa - uitspraak![?])... (tussenbei)

<u>TUSSENWERPSEL NIE IN MIKROFOON</u>

<u>ME DE JAGER</u>: Thoisa (voorheen uitgespreek Shoisa) en die twee ander persone wat u genoem het. Was dit wat u beskryf as polisiemanne, was hulle die persone wat die hek opgepas het? -- By die hek.

Het - ek wil eers vir u vra, het die drie persone, dit is nou mnr Thoisa en die twee ander, is hulle ook van Zoeloe-afkoms? -- Ja.

Weet u of een of almal van hulle ook by KwaMadala Hostel beland het omdat hulle deur die ANC verjaag was van waar hulle hulle ook al vroeër bevind het? -- Ja, ek weet hulle is verjaag.

Almal/...'

Almal van hulle? -- Ja.

Is die hekwagte ook lede van Inkatha? -- Ek het nie sekerheid daaroor nie, maar die voorsitter van die Inkatha sal beter kennis hê.

Mnr Buthelezi, die hek wat toegang verleen tot KwaMadala Hostel, word dit dag en nag deur die persone wat u as polisiebeamptes beskryf, hierdie hekwagte, bewaak? -- Ja.

Ek wil vir u vra om net na BEWYSSTUK 2 te kyk. Dit is die lugfoto van die KwaMadala Hostel. Kan u vir die hof op die bewysstuk aantoon, BEWYSSTUK 2, kan u net na die foto kyk, dit is 'n foto wat nou al geruime tyd voor die hof is, sien u op die foto waar die hoofingang van die hostel geleë is? -- Ek is bietjie deurmekaar met hierdie lugfoto, dit is al wat ek kan noem, maar ek sal 'n aanduiding kan gee oor Mashonisa se winkel en dit is by die groen dakke op die foto.

Goed. Nou u weet die hoofingang, die hoofhek van die hostel is aan dieselfde kant van die hostel as die winkel, nè? Dit is nou die hoofingang soos dit was in 1992? -- Ja.

Kan u op die foto die parkeeroppervlakte wat voor die hek en voor die winkel is of was, raaksien? -- Ja, ek sien dit, hier is dit geleë.

<u>TOLK</u>: Die getuie wys met sy vinger.

<u>ME DE JAGER</u>: Kan u vir die hof 'n aanduiding gee op die kaart waar u kamer, kamernommer 1, geleë is in die hostel? Is hy byvoorbeeld aan dieselfde kant van die hostel? -- Eerstens, ek kan nie die hek duidelik sien nie. As mense by die hek instap is my kamernommer 1 aan die linkerkant, dit is aan die westekant.

Is u kamer die eerste kamer aan die westekant van die ingang af? -- As mens binnegaan na die binneplein van die hostel

... (tussenbei)/...

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.